ELDO-1

VERVUL JOU ROEPING

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

# EN HY HET VIR MY GESÊ: MY GENADE IS VIR JOU GENOEG.

Sonder God se genade was ons almal in groot moeilikheid! Die lewe is rof en vol uitdagings, en omdat ons net menslik is, gaan ons swik voor versoekinge en ook dinge sê of doen wat ander seermaak. Moenie te hard op jouself wees nie. God is so lief vir jou, dat Hy jou telkens nog 'n kans sal gee... mits jy bely en regtig probeer om meer heilig te leef! Genade is nie 'n "get out of jail free" kaartjie nie. Daar is voorwaardes aan gekoppel en jy mag dit nie misbruik nie. God sien jou hart. Hy weet jy probeer. Daarom tree Hy vir jou in!



## UIT DIE PEN VAN MNR DAVE DU PLESSIS

Goeiedag ouers en leerders

Baie welkom terug na ‘n kort, maar kragtige Desember vakansie. Ons vertrou dat u die geleentheid gebruik het om tydens hierdie vakansie te rus en as gesin gehaltetyd saam spandeer het. Ons wens is dat u u drome en doelwitte vir die komende jaar suksesvol sal bereik. Mag ons almal hierdie jaar met passie, entoesiasme en ‘n positiwe ingesteldheid tegemoet storm.

So gepraat van storms... hierdie jaar se ”welpies” (gr. 8-leerders) het werklik die skool soos ‘n vars Hoëveld-storm getref! Soveel energie en opgewondenheid is aansteeklik in die hele skool, en saam met die entoesiasme van die Leierraad, heers daar ‘n gees van energieke uitbundigheid in die skool. As iemand ooit gewonder het hoekom ons onderwys as ‘n loopbaan gekies het, is die invloed van die positiewe energie van hierdie “trop”, ‘n oortuigende motivering. Dankie aan elke graad 8’ie wat reeds ‘n verskil in ons skool kom maak het. Julle konsert was uitstekend (vra maar vir ouma en oupa) en julle het die kloklui-seremonie met grasie en respek hanteer. Dit is ‘n trotse Eldo-tradisie wat julle nog lank gaan bybly.

Dankie ook aan u as ouers se opoffering ten opsigte van vroeg aflaai in die oggend en naweke se aanry. Spesiale dank aan die Leierraad wat ons nuwe leerders met die nodige deernis en respek die Eldo-waardes geleer het. Julle is voorwaar ambassadeurs vir ons skool.

Die ander groot hoogtepunt aan die begin van elke jaar is natuurlik ook ons graad 12-leerders van 2022 se uitslae. Elke graad 12-ouer, vakonderwyser en voog lê nagte om en bid en vertrou dat ons genoeg gedoen het om ons leerders voor te berei vir die eksamen….dan kom die uitslae en ons besef weereens dat ons geseënd is met uitsonderlike leerders.

Baie geluk aan die klas van 2022 met voortreflike uitslae. Baie geluk aan u as ouers met die prestasie(s) van u kind. Dankie vir die ondersteuning en motivering van u kant af om hierdie prestasies moontlik te maak. Die detail van die uitslae word elders in hierdie uitgawe met u gedeel.

Met die aanbreek van die nuwe jaar, is daar uit die aard ook veranderinge by die skool op bestuursvlak. Ons strewe voortdurend daarna om ‘n omgewing te skep waar potensiaal ontwikkel en uitgebrei kan word. Ek deel graag die volgende met u:

- Me Simóne Grobler is aan die einde van verlede jaar aangestel as Adjunkhoof: Leerderaangeleenthede. Dit is ‘n baie omvattende pos wat me Grobler alreeds met onderskeiding uitvoer.
- As gevolg van die volgehoue druk in my kantoor, gaan mnr Jacques le Roux ons bystaan in die bestuur van ons Infrastruktuur. Sy tegniese- en bestuursvaardighede kombineer goed om ook hierdie uitdagende pos met sukses te vul.
- Om mnr Le Roux se kapasiteit as bestuurder maksimaal te benut, gaan mnr Vian Steynen die administratiewe bestuur van die rugby oorneem. Enige kommunikasie rakende rugby moet dus aan mnr Steynen gerig word.
- Me Myrtle Grobler het ons in die vierde kwartaal verlaat, en me Hanlie Truter hanteer alle aangeleenthede rakende atletiek. Me Truter is ‘n ervare en uiters bekwame administrateur en sy is vir ons ‘n groot aanwins.

- Mnr Abre Volgraaff neem by mnr Sylvester Booysen oor as Sporthoof. Mnr Volgraaff het reeds as Direkeur: Krieket gewys waartoe hy in staat is, en ons het volle vertroue dat hy alle sportdissiplines met dieselfde deeglikheid en kundigheid sal lei.

Ek sluit af met die woorde van Walt Emerson: *Wat agter ons lê en wat voor ons lê, is verspot klein met wat in ons lê.*

Mag ons almal ons innerlike energie en dryfkrag gebruik om die wêreld waarin ons leef, positief te beïnvloed.

Groete

Dave du Plessis

## GRAAD 12 NASIONALE SENIORSERTIFIKAATUITSLAE 2022

Eerstens, wil ons die graad 12's van 2022 en hul ouers hartlik gelukwens met hul uitslae. Ons bedank u vir u vertroue in die Hoërskool Eldoraigne oor die afgelope vyf jaar en glo dat u belegging vrugte afgewerp het. Tweedens, kan ons ook nie anders nie as om ons personeel te bedank vir hul onbaatsugtige opoffering van hul tyd, energie en omgee om hierdie leerders die geleentheid te gee om hul roeping te vervul. Derdens, kan ons ook nie vergeet van ons voedingslaerskole wat vir ons leerders gee wat die regte onderbou het om sukses te kan behaal nie. Dankie ook vir jul bydrae tot hul sukses en skoolloopbaan.

Dit is met 'n blye en dankbare hart dat ons 'n opsomming van ons uitslae kan voorhou:

- 99,5 % slaagsyfer – 199 uit 200 graad-12's slaag.
- 100% van ons leerders verkry toegang tot tersiêre studies:
    - 94,47 % slaag met toegang tot universiteitstudies
    - 5,53 % slaag met toegang tot diplomastudies
- **347 vakonderskeidings**.
- 4 leerders behaal agt (8) onderskeidings
- 6 leerders behaal sewe (7) onderskeidings
- 6 leerders behaal ses (6) onderskeidings
- 8 leerders behaal vyf (5) onderskeidings
- 151 leerders behaal minstens een onderskeiding
- 14 % leerders behaal 'n gemiddeld van 80%+
- 44,5 % leerders behaal 'n gemiddeld van 70%+
- 76,4 % leerders behaal 'n gemiddeld van 60%+
- 45% van leerders behaal 'n onderskeiding in **Alpha Wiskunde**.

Sien die individuele uitslae van ons toppresteerders hieronder. Ons sal ook oor die volgende paar weke meer inligting kan deel oor die prestasie van ons vakke, soos wat die vergelykende tabelle beskikbaargestel word.

**Hierdie uitslae bevestig net weereens dat Hoërskool Eldoraigne die skool van keuse is wat elke leerder help om sy/haar roeping te vervul.** Die werk hou nie hier op nie en ons vertrou dat die uitslae van die matriekgroep van 2022 die huidige leerders sal aanspoor om ook hul volle potensiaal te bereik.


Matriekuitslae 2022
ONDERSKEIDINGS
Geluk Matrieks
8
7
6
1. Elnette v/d Berg
93.43% Top NSS-Presteerder
2. Carla Kotzé
92.86%
3. Kevin Tennant
88.86%
4. Ruan Esterhuizen
87.86%
5. Jodie Roelofsz
90.43%
6. Leon v/d Merwe
88.43%
7. Jonathan Dyason
88.29%
8. Juané Brink
85.71%
9. Wiehan Prinsloo
84.86%
10. Mark Brown
86.86%
11. Anri Odendaal
86.29%
12. Francois Schutte
85.86%
13. Ce'nedra Drotsky
84.14%
14. Megan Rohrbeck
84.14%
15. Sego Motswasele
83.29%
16. Lisa Kettles
80.71%
#vervuljouroeping
Opedag Woensdag 8 Maart 2023


Matriekuitslae 2022
5 ONDERSKEIDINGS
Geluk Matrieks
5
Toni Abrahams
Sylvie Botha
Catherine Dyason
Heinrich Fourie
Suné Müller
Dezi Roodt
Alnirie Hefer
Anika Repsold
#vervuljouroeping
Opedag Woensdag 8 Maart 2023

# Matriekuitslae 2022
## TOP PRESTEERDERS

1

### Top NSS-Presteerder
### Elnette van den Berg



| | |
|---|---|
| *Onderskeidings:* | **8** |
| *Gemiddeld:* | **93.43%** |
| **Afrikaans** | 94% |
| **Engels** | 94% |
| **Wiskunde** | 94% |
| **Lewensoriëntering** | 96% |
| **Rekeningkunde** | 93% |
| **Lewenswetenskappe** | 89% |
| **Fisiese Wetenskappe** | 94% |
| **Alpha Wiskunde** | 98% |

***Gunsteling vak: Ekonomie***
Ek het wiskunde die meeste geniet, want ek is lief vir syfers en om die probleme op te los.

***Wat motiveer jou?***
My motivering om te presteer is om die gevoel van "accomplishment" te voel as jy sien al die harde werk was die moeite werd.

***Wat gaan jy studeer:***
BSc Aktuariële Wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria.

***Lewensdroom***
Om 'n verskil in mense se lewens te kan maak en om die wêreld te gaan verken.

*#vervuljouroeping* *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*

# Matriekuitslae 2022
## TOP PRESTEERDERS

2

### Carla Kotzé



| | |
|---|---|
| *Onderskeidings:* | **8** |
| *Gemiddeld:* | **92.86%** |
| **Afrikaans** | 87% |
| **Engels** | 95% |
| **Wiskunde** | 93% |
| **Lewensoriëntering** | 97% |
| **Rekeningkunde** | 95% |
| **Ekonomie** | 91% |
| **Fisiese Wetenskappe** | 92% |
| **Alpha Wiskunde** | 90% |

***Gunsteling vak:***
Ekonomie, ek geniet dit om die werking van die wêreld ekonomie en aktuele sake beter te verstaan.

***Wat motiveer jou?***
Ek probeer om die vermoë wat die Here my gegee het tot eer van Sy naam te gebruik.

***Wat gaan jy studeer:***
BCom Rekeningkune aan die Universiteit van Stellenbosch.

***Lewensdroom***
Ek wil graag 'n GR word en my eie besigheid begin.

*#vervuljouroeping* *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*

# Matriekuitslae 2022
## TOP PRESTEERDERS
3

### Jodie Roelofsz



| | |
|---|---|
| **Onderskeidings:** | **7** |
| **Gemiddeld:** | **90.43%** |
| **Afrikaans** | 90% |
| **Engels** | 91% |
| **Wiskunde** | 94% |
| **Lewensoriëntering** | 92% |
| **Rekeningkunde** | 96% |
| **Lewenswetenskappe** | 84% |
| **Fisiese Wetenskappe** | 86% |

***Gunsteling vak:***
Wiskunde, dis iets wat baie tyd vat om perfek te doen, daarom is die gevoel van oorwinning groot!

***Wat motiveer jou?***
Dit is al van kleins af my droom om 'n dokter te word en ek het geweet dit gaan harde werk verg.

***Wat gaan jy studeer:***
Medies (MBChB) aan die Universiteit van Pretoria.

***Lewensdroom***
Tevrede, naby aan die Here en rondom mense waarvoor ek lief is.

*#vervuljouroeping* — *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*

# Matriekuitslae 2022
## TOP PRESTEERDERS
4

### Kevin Tennant



| | |
|---|---|
| **Onderskeidings:** | **8** |
| **Gemiddeld:** | **88.86%** |
| **Afrikaans** | 80% |
| **Engels** | 93% |
| **Wiskunde** | 89% |
| **Lewensoriëntering** | 89% |
| **Besigheidstudies** | 97% |
| **Ekonomie** | 90% |
| **Fisiese Wetenskappe** | 84% |
| **Alpha Wiskunde** | 84% |

***Gunsteling vak:***
Ekonomie, die vak het my geïnteresseer en ek het 'n uitstekende onnie gehad.

***Wat motiveer jou?***
Selfmotivering

***Wat gaan jy studeer:***
BSc Aktuariële Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria.

***Lewensdroom***
Om gesonde werks-en familieverhoudings te handhaaf.

*#vervuljouroeping* — *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*

# Matriekuitslae 2022
## TOP PRESTEERDERS

5

### Leon van der Merwe



| | |
|---|---|
| *Onderskeidings:* | 7 |
| *Gemiddeld:* | 88.43% |
| Afrikaans | 90% |
| Engels | 96% |
| Wiskunde | 80% |
| Lewensoriëntering | 91% |
| RTT | 89% |
| Geografie | 89% |
| Fisiese Wetenskappe | 84% |

*Gunsteling vak:*
Engels, want Juffrou Grobler was baie entoesiasties oor die vak en skoolgee.

*Wat motiveer jou?*
Om die beste moontlik te doen in die wêreld met die talente wat aan my gegee is.

*Wat gaan jy studeer:*
Meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria.

*Lewensdroom*
Om te emigreer en as ingenieur te gaan werk.

#vervuljouroeping — *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*

# Matriekuitslae 2022
## Alpha Wiskunde

*Top Presteerder*

**Elnette van den Berg (98%, 2de Nasionaal)**




*45%*
*van leerders behaal onderskeidings*


*Geluk aan:*
Michiel Bester*, Ruan Esterhuizen*, Christo Fourie, Connor Janssen; Lisa Kettles*; Carla Kotzé*; Mishon le Grange; Elmé Mienie; Sego Motswasele*; Suné Muller; Anri Odendaal; John Oosthuizen*; Anika Repsold; Megan Rohrbeck*; Armand Scheepers; Francois Schutte*; Tarina Snyman; Lehandré Strydom; Kevin Tennant*; Elnette van den Berg*; Kristie van der Walt; Linke van Niekerk (*Onderskeiding)

*Ons is trots op jul deursettingsvermoë en liefde vir Wiskunde!*

#vervuljouroeping — *Opedag Woensdag 8 Maart 2023*




## ONTMOET ONS NUWE ELDO PERSONEEL



# Eldo Spoghoekie
## Anika Buys



### Posbeskrywing:

**WISKUNDE: GR 9**
**WISKUNDIGE GELETTERDHEID: GR 11**

### LoopHoogtepunte:

- My intreding tot die onderwys was vir my 'n hoogtepunt in dit self.
- Stig 'n Bybelstudie groep, sowel as ekstra kunsklasse vir leerders by 'n skool.
- Rig o/14 netbalspan en junior Fast 5 span af.
- Aangestel as merker vir die Gr12 eindjaareksamen in 2022 vir Wiskunde Geletterdheid in Mpumalanga.
- Word aangestel om by 'n topskool soos HS Eldoraigne, om 'n verskil te maak as 'n onderwyseres.

### Rolmodel

My ouma. Sy strewe steeds daarna om gereeld in mense te belê met bemoedigende woorde, inloer-geleenthede en ń omgee hart.

### Gunsteling aanhaling

"You only miss 100% of the shots you don't take" - Michael Scott, The Office

**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

# Eldo Spoghoekie
## Boeta Bezuidenhout



### Posbeskrywing:

**NATUUWETENSKAPPE: GR 8**
**LEWENSORIËNTERING: GR 8**

### Loopbaan hoogtepunte:

- ASA vlak 1 in naellope, hekkies en spronge.
- SA atlete en interhoër wenners afgerig.
- Afrigting in rugby, vlak 1.
- Om by Hoërskool Eldoraigne te kan wees is vir my 'n groot hoogtepunt van my loopbaan sover!

### Rolmodel

Ek het nie 'n spesifieke rolmodel nie, maar daar het al baie mense oor my pad gekom van wie ek baie geleer het en my sodoende as mens baie opgehef het!


### Gunsteling aanhaling

"Moet nooit reel nommer 1 vergeet nie, wees lekker!"

**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

# Eldo Spoghoekie
## Corlia van Staden

VERVUL JOU ROEPING



### Posbeskrywing:

**TOERISME: GR 11 - 12**

### Loopbaan hoogtepunte:

- BCom bemarking en toerismebestuur.
- Deel van "Golden Key" op Universiteit.
- NGOS 2021.
- Netbalspan in Noord-wes finaal.
- Provinsiale kleure in Aksienetbal.

### Rolmodel

My ouers. Ek streef om eendag so wys soos my ouers te wees, om lief te hê soos my ouers lief het, en om so lekker soos hulle te kan kos maak.


### Gunsteling aanhaling

"You have brains in your head. You have feet in your shoes. You can steer yourself any direction you choose."

**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

# Eldo Spoghoekie
## Franco Dryer

VERVUL JOU ROEPING



### Posbeskrywing:

**EBW: GR 8**
**SW: GR 9**

### Loopbaan hoogtepunte:

- Hierdie is my eerste jaar as 'n volwaardige onderwyser.

### Rolmodel

AB De Villiers - Hy het die spel van krieket verander.

### Gunsteling aanhaling

"Mag jou koffie sterk wees en jou leerders kalm."

**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

# Eldo Spoghoekie
## Frans Burger



### Posbeskrywing:
LEWENSORIËNTERING

### Loopbaan hoogtepunte:
- Wen koshuisliga op Universiteit Caput Manskoshuis
- Eerste jaar as 'n volwaardige onderwyser.

### Rolmodel
Frans Steyn, as gevolg van sy rugby prestasies en algehele denkwyse oor hoe om dit waarmee jy besig is ten volle te doen. so lekker soos hulle kos te kan maak.

### Gunsteling aanhaling
"You can't keep a good man down."

**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

# Eldo Spoghoekie
## Lindi Gerber



### Posbeskrywing:
WISKUNDIGE GELETERDHEID: GR 10 - 11

### Loopbaan hoogtepunte:
- Provinsiale Kleure vir netbal en hokkie.
- AVS Springbok kleure vir hokkie.
- SACD Mpumalanga hokkie.
- IPT Mpumalanga hokkie.
- SAHA Vlak 1 hokkie-afrigter en skeidsregter.
- Netbal Vlak 1 Afrigter.
- Elke hokkiespan wat ek al afgerig het, was betrokke in die Noordvaaltoernooi.
- Nasionale merker Wiskundige Geletterdheid Vraestel 2.
- Limpopo SACAI merker Wiskundige Geletterdheid Vraestel 2.

### Rolmodel
Malala Yousafzai – Uitgesproke voorstander van vroulike regte.

### Gunsteling aanhaling
"Mens verloor nooit nie, of jy leer, of jy wen."


**BAIE WELKOM BY ELDORAIGNE!**

## ELDORAIGNE BLOOD DRIVE




## AKADEMIE

## REDENAARS / ORATORS DINKSKRUM



## INTERNE REDENAARS




## INTERNAL ORATORS



## WISKUNDE OLIMPIADE




# SPORT

## DRAKIES NETBALKLINIEK



## ELDO SAGTEBALDOGTERS PRESTEER!

Gedurende 4 tot 8 Desember 2022, het die jaarlikse IRT Northens Sagtebaltoernooi plaasgevind by Camp Discovery.  Hierdie toernooi vind jaarliks plaas waar al die 0/13, 0/15 en 0/19 seuns- en dogters provinsiale spanne deelneem.

Mieke Loock was in die 0/15 Northerns span en Ilani Janse van Vuuren is in die Kgodiso span opgeneem.

Mieke se span ontvang 'n bronsmedalje!  Ilani en haar span eindig in 'n goeie vierde plek.

Na afloop van die toernooi word daar twee spanne uit elke ouderdomsgroep gekies . Mieke Loock is opgeneem in die IRT All Stars International Span. Die span toer van 2 tot 11 Oktober na Nederland.

Baie geluk met hierdie groot prestasie Mieke!  Dit is die hoogste vlak wat 'n 0/15 sagtebalspeler in Suid-Afrika kan behaal!  Die Eldo's is baie trots op jou.














## KULTUUR

## KULTUUROUDISIES

# KULTUUROUDISIES

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse kultuuroudisies wat binnekort plaasvind.
Neem asseblief kennis van die volgende reëlings:

- **Gee jou naam by die betrokke personeellid op VOORDAT jy vir 'n oudisie aanmeld.** (Sien lokaalnommer van personeellid op skedule);
- **Jy het tyd om jou naam op te gee tot Vrydag, 27 Januarie.**
- **Oudisies word gehou vanaf Maandag, 30 Januarie tot Donderdag, 2 Februarie.**
- **Kooroudisies het reeds op Maandag, 16 Januarie begin.**

## 1. KULTUUR

| AKTIWITEIT | LOKAAL | PERSONEELLID | DATUM | E-POS |
|---|---|---|---|---|
| **Dans** | Kleinteater (bokant snoepie) | Me Amor Le Roux (H3) | **Dinsdag 31 Jan:** 14:00 – 15:30 | lerouxa@hseldo.co.za |
| **Drama** | Dramateater (H5) | Me Vinkie Schaap (H5) | **Dinsdag 31 Jan**: 14:00 – 15:30 | schaapv@hseldo.co.za |
| **Toneel** | T14 | Me Elaine Fick (T14) | **Dinsdag 31 Jan: Gr. 10 – 12:** 14:30 – 17:00<br><br>**Woensdag 1 Feb: Gr. 8 & 9:** 14:30 – 17:00<br><br>**Donderdag: 2 Feb:** *Call backs:* 14:30 – 17:00 | ficke@hseldo.co.za |
| **Musiek & Orkes** | A14 (Agter verhoog) | Me Annelene Malan | **Dinsdag 31 Jan:** 14:15 – 16:00 | MalanA@hseldo.co.ca |
| **Koor** | Saal | Me Danita Brennan (B31) | **Maandag 16 Jan:** 18:00 – 20:00 **Maandae 23 & 30 Jan:** 17:00 – 18:00 | brennand@hseldo.co.za |
| **Eldo Sêrre (Serenade)** | Kleinteater | Me Danita Brennan | **Woensdag 15 Maart & Donderdag 16 Maart:** 18:30 – 20:00 | brennand@hseldo.co.za |

## 2. TAALKUNS:

Die uitdunrondtes vir Taalkuns is op die onderstaande datums geskeduleer:

| AKTIWITEIT | DATUM | TYD | LOKAAL |
|---|---|---|---|
| Orators Uitdunne: Gr 8 – 12 | Woensdag, 15 Feb | 14:15 – 17:00 | Graad 8: T9<br>Graad 9: T12<br>Graad 10: B28<br>Graad 11: T10<br>Graad 12: B30 |
| Redenaars: Gr 8 & 9 | Dinsdag, 7 Feb | 14:30 – 17:00 | Lokale: K9 en K12 |
| Redenaars: Gr 10 - 12 | Woensdag, 8 Feb | 14:30 – 17:00 | Lokale: K5, K6, K10 |
| Redenaars Interne Finaal | Dinsdag, 21 Feb | 15:00 – 20:00 | Personeelkamer en Kleinteater |
| Orators Interne Finaal | Maandag, 27 Feb | 17:00 – 21:30 | La Doraigne en Personeelkamer |
| Debat – *word eersdaags gekommunikeer* | | | |

3. **ANDER AKTIWITEITE:**
Leerders wat belangstel om deel te wees van die onderstaande komitees, kan hul name by die volgende personeel opgee:

3.1 Skoolkoerant: Me Sunel Combrinck
3.2 Eldo Klieks: Me Lientjie Sothmann

| AKTIWITEIT | DATUM | TYD | LOKAAL |
|---|---|---|---|
| Skoolkoerant: Redaksie<br>***Slegs Gr 11-leerders*** | **Dinsdag, 31 Jan** | 14:15 – 15:30 | Lokaal word bekendgemaak |
| Eldo Klieks (fotograwe) | Dinsdag, 31 Jan | 14:15 – 14:45 | Voor snoepie-area |

## KOOROUDISIES




## SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

## SENTRUM VAN UITNEMENDHEID REGISTRASIES

Eldo-Sentrum vir Uitnemendheid

REGISTRASIES VIR 2023

Die Sentrum vir Uitnemendheid bied vir alle leerders in die gemeenskap (hoër- en laerskole) geleentheid om in te skakel by 'n opwindende verskeidenheid aktiwiteite wat in die middae vanaf 14:15 tot 19:00 by die skool aangebied word.

Leerders kan nou vir die onderstaande aktiwiteite registreer.

Stuur 'n e-pos aan sothmannl@hseldo.co.za om 'n registrasievorm en inligtingsbrief te ontvang. Registrasievorms is ook op die D6 beskikbaar.

Alle aktiwiteite by die Sentrum vir Uitnemendheid skop af vanaf Maandag, 6 Februarie.

| **A. AKADEMIE** | | |
|---|---|---|
| Frans | Me Elsie Henn | henne@hseldo.co.za |
| Vliegakademie | Marietjie Le Roux | info@proaviation.co.za |
| Filmkunde | Armand Rossouw | rossouwarmand11@gmail.com |
| Robotika & Turbocad | Mnr. Ian Liebenberg | liebenbergi@gmail.com |
| Musiekproduksie | Dr. Gerrie Pansegrouw | drpansegrouw@icloud.com |
| Skryfskool | Me Sunel Combrinck | combrincks@hseldo.co.za |

| **B. KULTUUR** | | |
|---|---|---|
| Dans | Me Carol Etsebeth | etsebethcarol@gmail.com |
| Sang | Me Danita Brennan | brennand@hseldo.co.za |
| Drama | Me Vinkie Schaap | schaapv@hseldo.co.za |
| Musiek/ Instrumentaal | Me Annelene Malan | MalanA@hseldo.co.za |
| Kuns | Me Sunette Pearce | pearces@hseldo.co.za |
| Fotografie | Me Bernice Coetzee | coetzeeb@hseldo.co.za |
| Modelskool | Me Valerie Begbie | voguemodelsa@gmail.com |
| Voortrekkers | Me Jaconette De Kock &<br>Mandie Kapp | Smsvt.a@gmail.com;<br>mandiekapp@telkomsa.net |

## FOTOGRAFIE

### FOTOGRAFIEKLASSE

Alle leerders wat belangstel om by die fotografieklasse aan te sluit, is welkom om nou te registreer!

Future Photographerz bied 'n opwindende fotografiekursus van een uur per week by ons skool aan.

Die geakkrediteerde program wat aangebied word, is propvol relevante fotografiese inligting en leerders kry opleiding om verskeie fotografiese tegnieke op 'n interessante, praktiese en opwindende manier te gebruik.

Die klasse is meestel prakties van aard, maar word ook ondersteun deur ‘n teoretiese *Powerpoint*-aanbieding.

Hier kan jy jou kreatiwiteit uitleef en wys hoe jy die wêreld deur die kamera se lens sien.

Klasse word aangebied deur ‘n professionele fotograaf en jong fotograwe leer hoe die besigheidswêreld van fotografie werk om sodoende jou eie besigheid te kan begin.

Daar is maandelikse kompetisies om aan deel te neem en die hoogtepunt van die jaar is verseker die Future Photographerz  Europa-toer, waaroor daar op ‘n latere geleentheid meer inligting gegee sal word.

Leerders is welkom om ook direk kontak te maak met Me Bernize Coetzer:

info@futurephotographerz.com

www.futurephotographerz.com

012 6653881 | 082 377 0463






## FINANSIES

## Skoolgeld 2023

**Skoolgeld 2023**

Skoolfooie vir 2023 beloop R38 885 per leerder en is betaalbaar in 11 gelyke paaiemente van R3 535, JANUARIE tot NOVEMBER. U moet dus u betaling maak binne die betrokke heffingsmaand bv. Januarie móét in Januarie betaal word. ‘n Korting van R1 000 sal toegestaan word indien u die volle jaar se skoolgelde voor 31 Maart 2023 vereffen.

**Vakheffings** (Skoolgeld brief van 2023 verwys)
Vakheffings in die volgende vakke: Elektronika, Gasvryheidstudies, RTT, Robotika & kodering, IT, Dans, Ontwerp en Visuele Kunste word in Januarie 2023 bykomend op u skoolrekening gehef en is betaalbaar teen einde Maart 2023.

**Geen vrystelling word toegestaan op vakheffings** en u as ouer bly verantwoordelik vir hierdie fooie. Gebruik asseblief u skoolrekeningnommer as verwysing met betaling.

Hierdie fooie is nie-terugbetaalbaar indien leerders deur die loop van die jaar van vakke verander of die skool verlaat.

**Debietorders**
Ons wil u aanmoedig om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak. Debietorder opsies vir die 1ste-, 15de- of 28ste van elke maand is beskikbaar. Vorms is beskikbaar op die webtuiste of per e-pos versoek beskikbaar by finansies@hseldo.co.za.

**Vrystellingsaansoeke**
Indien u vir vrystelling van skoolgeld gaan aansoek doen, kan die vorm in die finansiële kantoor by mev Renée Swart afgehaal word. Neem asseblief kennis dat die sperdatum vir die inhandiging van vrystellingsaansoeke, 28 Februarie 2023 is.

Die dames van die finansiële kantoor is daar om u te ondersteun indien u enige uitdagings ervaar ten opsigte van u skoolgeldrekening. Kontak ons gerus.

## ELDO'S ONDERSTEUN

Ons wil graag Sutherland Spar bedank vir die ondersteuning wat hulle aan Hoërskool Eldoraigne en *die gemeenskap bied!*















TOTIUSDAL HANDELSHUIS
OUTFITTERS

